



**ASSESSMENT & EXAMINATIONS**

Bundy Park, Schornville, KWT \* Private Bag X 4571, KWT, 5600  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>AFRIKAANS SECOND ADDITIONAL LANGUAGE</b>
----------------	---

<b>PAPER</b>	<b>ONE</b>
--------------	------------

<b>DATE OF EXAMINATION:</b>	<b>2 NOV 2011</b>	<b>DURATION:</b>	<b>2.5 HOURS</b>
-----------------------------	-------------------	------------------	------------------

### **SECTION 1:**

**(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Die meeste van die kandidate het vanjaar beter gevaar in die Afrikaans (SAL) vraestel as in die verlede. Al het die kandidate se punte verbeter, (net 15.6% van die 185 kandidate het gedruip/minder as 30% gekry, was die uitslae in vlak 5 tot 7 kommerwekkend. Net 9.6% van die kandidate het meer as 60% behaal. Niemand het vlak 7 (80%-100%) behaal nie.

Oor die algemeen het kandidate vordering in al die afdelings gemaak, maar aandag moet geskenk word aan: opsomming, woord- en taalstrukture en literatuur. Leerders het (soos in die verlede) die swakste in die letterkunde-afdeling gevaar.

### **SECTION 2:**

**Comment on candidates' performance in individual questions**

**(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

#### **QUESTION 1**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Oor die algemeen het kandidate goed in Vraag 1 (LEESBEGRIP) gevaar. 75% van die kandidate het meer as 60% behaal. Dit is baie bemoedigend, want dit lyk asof leerkragte aandag geskenk het aan die aanbevelings van die vorige jaar. Niemand het vlak 1 (0-29%) behaal nie en net 7% het vlak 2 en 3 (30 – 49%) behaal.



**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

By 1.4 en 1.7 waar daar vir EEN WOORD en SES OPEENVOLGENDE WOORDE onderskeidelik gevra is, het kandidate nie die instruksies gevolg nie, dus het hulle punte verbeur. Baie kandidate het korrekte antwoorde gehad, maar hulle het te min of te veel woorde gebruik as wat gevra is.

Al het die meeste van die kandidate by 1.11 die korrekte antwoord gehad (ONWAAR), kon hulle nie die korrekte motivering gee hoekom Zane 'n goeie rolmodel is nie.

Baie leerders het ook 1.16 verkeerd beantwoord, want hulle kon nie die regte motivering gee hoekom Zane 'n goeie **pa** is nie. Baie het geskryf oor die goeie dinge wat hy in die gemeenskap doen.

Al het kandidate goed gevaar, het hulle nie die vrae kort en bondig beantwoord nie. Kandidate is nog geneig om die hele sin/ne van die leesstuk as antwoord oor te skryf as hulle dieselde woord/e in die vraag en leesstuk sien.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerders moet weet in watter omstandighede hulle die verskillende vorme van lees moet toepas, bv. wanneer om te soeklees, vluglees en verkenlees. Kandidate moet onderrig word om antwoorde kort en bondig te skryf, want as die eerste deel van die antwoord nie na die antwoord in die sin/ne lei nie, word die antwoord nie aanvaar nie.

Begripsoefening moet deurgans in klaslesse onderrig word. Aandag moet aan die bogenoemde swakhede geskenk word. Leerders moet ook aan die verskillende tipe tekste blootgestel /onderrig en getoets word, bv. brief aan pers, televisieroosters, advertensies, prente, strokiesprentjies, ens.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Kandidate skryf verkeerd/spel verkeerd van die vraestel. Sommige leerders nommer nie die antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is nie.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Verslae moet vroeg in die jaar na skole gestuur word sodat ALLE graad 12-onderwysers leerlinge eksamengereed kan maak. Op die oomblik het net die onderwyser wat merk, die nodige voordeel om hul leerlinge goed voor te berei, want hulle kan die slaggate vir hulle uitwys.

Vakadviseurs moet by die verskillende streke werkwinkel hou om swakhede in hierdie afdelings te remedieer. Ervare leerkragte wat matriek vraestelle gemerk het, kan hiervoor gebruik word.

## QUESTION 2

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Al is daar vanjaar nie vir taalfoute, getal woorde, die format en direkte aanhalings gepenaliseer nie, was hierdie vraag (OPSOMMING) baie swak deur kandidate beantwoord. 41% van die kandidate het gedruip (-29%) behaal. En 42% het vlak 2 en 3 behaal (30-49%). Net 11% het vlak 6 en 7 behaal.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Die grootste fout wat deur kandidate begaan is, is dat hulle verkeerde feite gee/aanhaal. Hulle

volg nie die instruksies nie, bv. hulle moes vanjaar die **betekenis** van die landswaap se simbole opsom. In plaas daarvan om te sê wat die verskillende dinge bv. die son, sekretarisvoël, die protea ens. **simboliseer/aandui**, het hulle feite daarvoor geskryf, “Die son laat nuwe plante groei.”, “Die protea is een van ons land se grootste voëls.” ens. Hulle het dus nie die vraag beantwoord nie en sodoende het hulle baie punte verloor.

Daar is steeds kandidate wat nie hulle antwoorde puntsgewys skryf nie, maar hulle skryf dit in paragraafvorm neer. Kandidate is ook geneig om sinne/sinsnede neer te skryf sonder om ‘n werkwoord te gebruik. Elke sin/feit MOET ‘n werkwoord bevat om ‘n punt te verdien.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Leerders moet in die klas meer opsommingoefeninge gegee word. Hulle moet onderrig word oor hoe om die regte/nodige feite/inligting (wat die vraag vra) te vind; dus moet hulle geleer word om die instruksies deeglik te lees voordat hulle hierdie vraag begin beantwoord. Gewoonlik is die eerste koeëlpunt baie belangrik, want dit vra/sê watter feite leerders moet opsom.

Kandidate moet in kennis gestel word dat hulle punte sal verloor as daar nie ‘n werkwoord in ‘n sin is nie. Leerlinge moet geleer word dat hulle nie twee sinne oor dieselfde feit kan gee nie. Hulle kry net EEN punt vir elke feit.

Sommige kandidate het ‘n lang aanloop voor hul by die regte antwoord kom, hulle verloor so punte, want slegs die eerste sin by ‘n feit word gemerk.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Baie kandidate gebruik nog steeds koeëlpunte, i.p.v. nommers. Miskien verwar kandidate “koeëlpunte” met “puntsgewys” (punt = bullet). Sommige oorskry die voorgeskrewe aantal woorde. Stel leerders in kennis dat net 5 ekstra woorde toegelaat word (65 woorde altesaam). Die meerderheid van die kandidate skryf nie die korrekte getal woorde wat hulle gebruik het nie. Hulle skryf 60 (woorde) al het hulle baie meer (90+) woorde gebruik.

Eie interpretasies van sinne is in die meeste gevalle baie verwarrend vir die merker, want kandidate skryf nie eintlik wat die stuk sê nie. Hulle verander die betekenis van die sin/feit. Leer kandidate om korrek te interpreteer as hulle in hulle feite in hulle eie woorde skryf.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Hou werkswinkels by die skool of in streke, sodat onderwysers vanaf graad 9 die korrekte assessering van die opsomming aan leerlinge leer. Sodoende sal die beantwoording van die opsomming verbeter, want leerders sal presies weet waar hulle punte verdien of verloor. Aspekte soos punttoekenning/die format/aanhalings/taalfoute ens, moet hier deeglik bespreek en verduidelik word.

Opsommings word al vanaf graad 8 getoets, dit is dus onverstaanbaar dat ‘n graad 12- kandidaat nog steeds sukkel met die beantwoording van hierdie vraag.

**\*\*Leerkragte moet in gedagte hou dat hierdie assesseringsriglyne vir die opsomming geld net vir vanjaar (2011). Dit gaan heel waarskynlik volgende jaar verander word.**

**Miskien gaan leerders vir die getal woorde (verkeerd/nie geskryf nie), taalfoute, die vorm (nie puntsgewys geskryf nie) en aanhalings gepenaliseer word.**

Ons hoop dat Nasionaal die Provinsies vroegtydig hieroor in kennis stel.

**QUESTION 3**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag (woordstrukture) is swak deur kandidate beantwoord. 35% van die kandidate het minder as 30% behaal. Net 10% van die kandidate het meer as 60% behaal en 43% van kandidate het vlak 1 en 2 behaal.

Al was die meeste van die EEN WOORD antwoorde eenvoudige allerdaagse woorde wat leerders gebruik, bv. seuntjie, onderwyser, broers, heerlik, mnr., ens. was kandidate se respons uiters teleurstellend.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Kandidate se swak uitslae by hierdie afdeling kan toegeskryf aan die feit dat hulle nie die vrae verstaan het nie, m.a.w. hulle verstaan nie wat VERKLEININGSVORM, TRAPPE VAN VERGELYKING, VOORNAAMWOORD, INTENSIEWE VORM, ens. is nie. Baie van die kandidate het 0-4 uit 20 punte by hierdie afdeling gekry.

By 3.2 het baie leerders die meervoud gegee i.p.v. die manlike vorm (onderwyser).

By 3.6 het baie kandidate die trappe van vergelyking gegee (beter/beste), i.p.v. die korrekte vorm nl. goeie.

By 3.10 het kandidate die antoniem (suster) geskryf, i.p.v. die meervoud broers. Die meeste van die kandidate het die verkeerde spelling van "lewensredder" gekies.

Al moes kandidate die korrekte antwoord by 3.19 kies, het 'n paar dit verkeerd gespел ("wee/wei).

By 3.20 het kandidate een van die woorde (hond, kat, hasie) tussen hakies gekies, in plaas daarvan om een woord te gee, nl. Troeteldier.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Kandidate se respons het duidelik na vore gebring dat baie leerkragte veronagsaam om hierdie taalaspek (WOORDSTRUKTURE) by hul skole te onderrig en ook hierdie swak vertoning deur kandidate wys dat hulle 'n verskriklike beperkte woordeskat het as gevolg van die feit dat hulle nie Afrikaans boeke, tydskrifte, koerante, ens. lees nie en hulle kyk ook nie na Afrikaans TV-programme nie, wat sal help om hulle woordeskat sowel as hulle taalvaardighede uit te brei. Raai leerders (so vroeg as moontlik) aan om na Afrikaans TV programme te kyk en om Afrikaans leesbronne te lees, want lees en kyk is baie belangrik vir die aanleer van enige taal.

Dringende aandag moet deurgaans aan woordstrukture tydens taallesse onderrig en ingeskerp word, want dit bestaan uit baie punte in die eksamen (20/120).

Aandag moet weekliks geskenk word aan Spelling. Kandidate verloor baie punte by woordstrukture a.g.v. swak spelling.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Baie van die kandidate het die nie die instruksies gevolg nie, want hulle het die hele sin oorgeskryf, in plaas daarvan om net die korrekte woord neer te skryf. Dit het die merkers se werk bemoeilik.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Verslae soos hierdie moet so vroeg as moontlik na skole in die nuwe jaar gestuur word. Reël werkswinkels en slypskole op 'n gereelde basis vir onderwysers. Nooi kenners (matriekmerkers) op die gebied van alle aspekte van taal om hierdie werkswinkels aan te bied.

Taallesse kan baie afgesaag en vervelig wees. Onderwysers moet nuwer, opwindender maniere probeer vind om taal interessant in die klas aan te bied. Taal (reëls) behoort eintlik op laerskool ingeskerp word.

Kandidate kan in die toekoms dieselfde formaat van die matriekvraestel verwag. Maak gebruik van verlede jaar se vraestelle om vir leerders 'n idee te gee van watter tipe vrae te verwag en hoe om hulle te beantwoord.

**QUESTION 4**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die resultate by hierdie vraag (SINSTRUKTURE) was baie teleurstellend. Al is kandidate leidrade gegee, deur woorde te gee om wat hulle moes gebruik om hulle antwoorde te begin om dit makliker te maak, en soms moes hulle net net een word in die taalstruktuur neerskryf bv. 4.18 moes hulle net "is" neerskryf, by 4.5 moes hulle net "word" neerskryf en by 4.17 moes kandidate net "was honger" neerskryf om die sin in die verlede tyd omskryf, het hulle uiters swak in hierdie vraag gevaar. Net 25% van kandidate het meer as 50% behaal en 32% het minder as 30% behaal.

Al is dieselfde tipe voorbeelde in die taalstrukture jaar na jaar getoets, verbeter kandidate se uitslae in hierdie afdeling nie.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Dis duidelik dat leerders nie genoeg oefening in die verskillende taalstrukture in die klas kry nie.

Hulle weet nie eens die basiese reëls vir die verskillende taalstrukture nie, bv. Toekomende tyd: SAL ... WW./ Verlede tyd: HET ...GE-/ Ontkenning: NIE ...NIE, Lydende Vorm: WORD/IS/SAL DEUR ...GE-, ens.

Al was die vrae maklik, was 'n baie groot hoeveelheid kandidate verwar (hulle het nie geweet wat van hulle verwag was). Kandidate het antwoorde geskryf wat heeltemal onverstaanbaar was/het geen sin gemaak nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderwysers moet meer aandag aan sinstrukture in die klas bestee. Dit tel 25 uit 120 punte (21%).

Taal moet liewers eers apart onderrig word bv. net die Direkte en Indirekte rede moet in 'n taalles onderrig word. As leerlinge al die verskillende aspekte eers onder die knie het, kan taal in konteks onderrig en getoets word, want dit is hoe dit in die eksamen gaan verskyn.

Leerkragte moet by elke struktuur die taalreëls deeglik onderrig en inskerp en 'n klein toetsie gee om vas te stel of hulle die taalstruktuur verstaan voordat hulle met 'n nuwe taalstruktuur kan begin.

Leerlinge moet ook geleer word om na die prentjies te kyk of die leesstukkie waarin die taalvrae verskyn deeglik deur te lees. Dit help baie keer om die korrekte antwoord so af te lei.

Onderwysers moet aan leerlinge verduidelik hoe assessering plaasvind/hoe punte vir taalstrukture toegeken is, sodat hulle moontlike slaggate kan vermy

Gee gereeld kort speltoetse in die klas om leerders se spelling te verbeter. Stel woordeboeke beskikbaar aan leerders in die klas, of laat leerlinge al in graad 8 'n goeie woordeboek koop wat hul tot in matriek kan gebruik en raai hulle aan om dit altyd te gebruik.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Leerders volg nie die vraag se spesifieke instruksies nie. Hulle moet spesifiek hieroor onderrig word, bv. wat is die lydende vorm/teenwoordige tyd/toekomende tyd, ens.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Om te verseker dat Taalonderwysers dié verslae wat na skole gestuur word lees, kan dit aan die begin van die jaar by die eerste distriksvergadering van die Vakadviseur (met behulp van ervare matriekmerkers/senior merkers) voorgelees en bespreek word. Baie onderwysers lees nie die verslag wanneer dit na hulle skole gestuur word nie.

**QUESTION 5**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag (REDIGERING) is baie bevredigend beantwoord. Al het 70% van kandidate hierdie afdeling geslaag, was die gehalte van die geslaagspunt nie goed nie, want net 27% van die kandidate het meer as 50% gekry.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Die meeste van die kandidate het die volgende antwoorde verkeerd gekry:
- 5.1 Kandidate kon nie die woord SELFONE korrek spel nie.
  - 5.2 Leerders het nie geweet die vraag toets die meervoud nie: 'n paar (WOORDE).
  - 5.3 Kandidate het die WOORDORDE verkeerd geskryf. Baie antwoorde het nie sin gemaak nie. (Baie leerders het SAL voor DIT of voor die tweede NIE geplaas).
  - 5.4 Kandidate het die afkorting **bv.** met 'n hoofletter geskryf of die punt aan die einde weggelaat.
  - 5.7 Die meeste van die kandidate kon nie die korrekte woord gee nie. Dié wat dit reggekry het, het AS gebruik.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Meer oefening in REDIGERING moet tydens klaslesse gegee word. Leerkragte moet leerders bewus maak van die tipe vrae wat leerders in dié afdeling kan verwag.

Wys vir hulle presies hoe om die vrae te beantwoord, want daar was baie kandidate wat die hele sin oorgeskryf het en ander onnodige veranderinge aangebring het wat na foutiewe antwoorde gelei het bv. By 5.3, 5.6, 5.7, 5.8, 5.10

Onderrig kandidate om net die deel wat onderstreep is, vetgedruk is of tussen hakies is, te verander en nie die ander dele van die sin nie. Hulle moet die hele sin verander NET as daar daarvoor gevra is.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Leerders volg nie die vraag se spesifieke instruksies nie. Hulle moet spesifiek hieroor onderrig word. Hulle moet die instruksie by elke vraag deeglik lees en net die verandering/e aanbring.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Soos by vraag 3

**QUESTION 6**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Hierdie vraag (KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKS) is die beste deur kandidate beantwoord. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat alle vrae veelkeusig van aard was.

Dit kon gewees het dat as kandidate antwoorde in hulle eie woorde in die direkte rede (van sekere situasies) moes skryf, sou hulle nie so goed gevaar het nie (so was dit die geval in die verlede)

Net 12% van kandidate het hierdie afdeling gedruip (-30% gekry) en 52% het vlak 7 (70-100%) behaal.





**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Dié wat swak gevaar het, het 0 of 1 punt gekry. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hulle nie die vraag verstaan het nie as gevolg van hulle beperkte woordeskat. Hulle was van die swakker SAL kandidate wat baie swak in die hele vraestel gevaar het.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Meer van hierdie tipe oefening moet tydens klaslesse gegee word. Leerkragte moet dit nie as 'n veelkeusige vraag oefening onderrig nie, Hulle moet liewers prente oor 'n spesifieke situasie gee waar kandidate 'n opdrag moet uitvoer. So sal leerders die afdeling beter sal kan leer.

Sodoende sal dit makliker vir kandidate in die eksamens wees as die vrae as 'n veelkeusige vraag verskyn.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Baie kandidate is nog geneig om die sinne/woorde neer te skryf i.p.v. om NET die korrekte letter te skryf

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Soos by vraag 5

#### **QUESTION 7/8**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Dis teleurstellend dat die uitslae van leerder by hierdie vraag (LETTERKUNDE) uiters swak (soos in die verlede) was. 44% van die kandidate het hierdie vraag gedruip (minder as 30% behaal) terwyl net 23% meer as 50%behaal het.

Van die kandidate se respons was dit duidelik dat hulle nie eens die storielyn geken het nie, selfs die name van die karakters. As gevolg hiervan het baie van hulle inligting van die vraestel/uitreksel gebruik om hulle antwoorde te kry wat vanselsprekend verkeerd was.

Daar was wel 'n handjievol leerders wat die kortverhaal goed verstaan het en daarom die vrae goed beantwoord het. Dit was 'n plesier om dié kandidate se antwoorde te lees. Antwoorde waar hulle hulle eie respons moes gee, was baie interessants.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Soos alreeds genoem is, is dit duidelik dat of (Afrikaans SAL) skole nie letterkunde deeglik onderrig nie/ernstig opneem nie of kandidate konsentreer nie op hul kortverhale nie of hulle woon nie klasse by nie.

Baie het nie eens die eenvoudige vrae, bv. 7.1, 7.2, 7.4, 7.5, 8.1, 8.2 ens. beantwoord nie.

Beperkte woordeskat het daartoe gelei dat baie van die kandidate Engelse woorde gebruik het.

Kandidate het ook die “oop vrae” **7.12** Watter deel van die verhaal het jou hartseer gemaak? en hulle moes motiveer en **8.11.1** Watter deel van die storie het jou bly laat voel? en hulle moes motiveer, baie swak beantwoord, want hulle het glad nie die “storie” geken nie en dié wat dit wel beantwoord het, kon by die beantwoording hulleself nie goed in Afrikaans uitdruk nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

Onderwysers moet seker maak dat leerders die storielyn van die kortverhaal, die name van al die karakters, die belangrike insidente in die verhaal, die tema van die verhaal goed verstaan en hulle moet leer om hulle eie opinies oor sekere karakters/insidente/ ens. te gee en te motiveer. Maak seker dat leerders hul eie notas/opsomminkies/woordeskat neerskryf wanneer die kortverhaal bespreek word

Bespreek net een kort insident bv, die insident waar die spreker die steenbokkie omgery het en maak seker dat dit deeglik bespreek word. Gee klein toetsies (selfs mondeling) voordat die onderwyser verder lees om seker te maak dat leerders die vooraf insident/e verstaan het

Vra leerders (gedurende letterkundelesse) vrae oor die verhaal en om hul eie opinies te gee, ens. en maak seker dat hulle in Afrikaans beantwoord.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

Omdat kandidate nie die kortverhale geken het nie, kon hulle nie vrae 7.12.2, 7.12.2,

8.11.1, 8.11.2 en 8.12 beantwoord nie, want die vrae het hulle eie respons verwag en dié antwoorde het vereis dat hulle die “storie” moet ken. Dié wat wel beantwoord het, het net dele van die vraestel oorgeskryf.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Vakadviseurs moet in hul streke werkwinkel hou om onderwysers te help om letterkunde (kortverhale) goed te onderrig (hoe hulle presies te werk moet gaan met die bespreking van 'n kortverhaal). Die hulp van deskundiges in letterkunde kan ingeroep word, selfs merkers/senior merkers wat matriek vraestelle gemerk het.

Onderwysers kan gebruik maak van verlede jaar se vraestelle om leerders 'n idee te gee van die tiepe vrae te verwag en hoe om dit te beantwoord.

Omdat ons hier met SAL besig is, kan streke 'n eenvoudige studiegids opstel om leerders te help. Hierdie studiegids kan o.a. opsomminkies, die belangrike karakters, woordeskat (belangrike woorde in die verhaal), vrae en antwoorde, 'n verskeidenheid oop vrae, ens. bevat.

**SIGNATURE OF CHIEF MARKER:** \_\_\_\_\_



**SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING**  
*Quest for Excellence through high powered performance*

